VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

08 MEI 2020
HERDERSBRIEF #18B

Geliefde gemeente,

Hierdie brief volg op die vorige, en ek vra u om dit baie ernstig te hanteer.

Suid-Afrika het ‘n behoefte aan **bidders**. Wat veral ‘n uitdaging is, is om die nodige balans te handhaaf. Dit beteken, dat ons enersyds sal bid soos ‘n kind en andersyds dat ons in die Gees sal bid. ***Judas v 20 "Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid". Vers 19*** is vir ons eintlik ‘n inleidende antwoord naamlik: *"sinlike mense wat die Gees nie het nie."* Nou, wat word bedoel met ***"sinlike mense"***? Die apostel Paulus, in ***1 Kor. 2*** meld uitdruklik, dat daar drie verskillende christene is. Hy noem dit in ***vers 14***; die "*natuurlike mens",* wat die geestelike uiteraard nie kan verstaan nie. Dan, noem hy die *"geestelike mens"* in ***vers 15,*** wat alle dinge wel kan beoordeel; en dan die *"vleeslike mens"* in ***1 Kor. 3:1,*** wie soos ***"klein kinders"*** met ***"melk"*** gevoed moet word. Nou, voordat ons verder met u kan praat oor gebed, is dit bepalend dat ons sal weet ons het die Gees van God ontvang – ***1 Kor. 2:12***; en waarom is dit noodsaaklik: dit is noodsaaklik dat ons sal weet, wat God ons genadiglik geskenk het. Daarom is die ***woorde wat ons spreek nie as gevolg van menslike wysheid nie***, ***maar met dié wat die Heilige Gees leer sodat ons geestelike, met geestelike kan vergelyk.***

Onder watter groepering sorteer elkeen van ons onsself: 1) *"natuurlike mense",* 2) *"geestelike mense"* of 3) "*vleeslike mense"?*

Ek is daarvan oortuig, dat ons wel onsself kan evalueer en presies weet, waar ons onsself bevind.

Vir die natuurlike mens is dit noodsaaklik dat sy gees vernuwe mag word; en dat hy die Gees van God sal ontvang. Dit is tog wat apostel Paulus baie duidelik stel in ***1 Kor. 2:12 "Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het."*** Met ander woorde: sal weet of u die Gees van God ontvang het. Mense wat die Gees van God ontvang het, verstaan die boodskap wat die Heilige Gees leer.

Ek dink die inperking is ‘n ideale geleentheid, om in dié verband, onsself af te sonder en seker te maak, of ons die Gees van God ontvang het.

Ons het dit al voorheen behandel, maar kom ons doen dit weer eens. In ***Joh. 20:22*** blaas Christus oor die dissipels en Hy sê vir hulle: *"Ontvang die Heilige Gees",* let wel – niemand praat in tale nie. In ***Hand. 2:4*** word hulle met die Heilige Gees vervul en almal praat in tale. Die verskil tussen die twee gebeure is die volgende: In ***Joh. 20:22***, het ons die **GEBOORTE VAN DIE KERK**, d.w.s. die *wedergeboorte*; in ***Hand. 2:4***, word die Kerk **BEMAGTIG** – hulle ontvang dus krag, d.w.s. die *vervulling van die Heilige Gees*. Die vraag wat ons vra in hierdie herdersbrief, is nie of u in tale praat en bemagtig is nie. Die vraag wat ons vra is: **het u die Gees van Christus ontvang – d.w.s. die wedergeboorte**?

Omdat hierdie saak aktueel is, wil ek u nooi, as u nie sekerheid het of u die Gees van God ontvang het nie, die vrymoedigheid sal neem om my te kontak.



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Hierdie herdersbrief is bedoel dat u sal weet, onder watter kategorie u sorteer.

Onthou ek bid vir u.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

***Ns**. Die herdersbrief wat hierop sal volg, sal handel oor **hoe om in die Gees te bid**, daarom is dit noodsaaklik, dat elkeen sal weet, dat hy die Gees van God ontvang het, sodat hy die volgende herdersbrief kan verstaan.*

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335